



Potchefstroomse Universiteit  
vir Christelike Hoër Onderwys

---

**WETENSKAPLIKE BYDRAES  
REEKS H: INOUGURELE REDE NR. 167**

**DIE STRATEGIESE WAARDE VAN “CHAOS” BINNE DIE  
SUID-AFRIKAANSE KONTEKS VIR DIE OPLEIDING  
VAN KOMMUNIKASIESTUDENTE**

Prof GF de Wet

Inougurele rede gehou op 22 September 2000

Publikasiebeheerkomitee  
Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys  
Potchefstroom  
2520

Die Universiteit is nie vir menings in die publikasie aanspreeklik nie.

Navrae in verband met *Wetenskaplike Bydraes* moet gerig word aan:

Die Publikasiebeheer Komitee  
Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys  
2520 POTCHEFSTROOM

Kopiereg © 2001 PU vir CHO

**ISBN** 1-86822-389-2

## **1. Inleiding en oriëntasie**

“Die land is in chaos”, is seker een van die mees algemene stellings wat daagliks in uiteenlopende kringe gemaak word. Verwyte word heen en weer geslinger. Daar word verwys na onbeholpenheid en verval. Die skuld word op die erfating van apartheid, bevoorregting en uitsluiting geplaas. Mense ervaar krisisse van magsverlies en magsverkryging. Dit gaan oor geregtigheid en vryheid: om in my geboorteland as ‘n vry mens te leef. Dit gaan ook oor die belewenis van verlies aan vryheid: ek verloor my land. Daar is afwagting en onsekerheid in die lug, selfs angs. Dit is die “chaos” hier ter sprake.

‘n Oorvereenvoudiging van die Suid-Afrikaanse situasie sou mens kon redeneer. Tog blyk dit: almal is deel van hierdie chaos.

Die ooglopende paradoks wat in die titel gestel word veronderstel om juis die sterkpunt van die betoog te wees en sal op verskillende wyses aan die orde gestel word. Verder word gepoog om die inherente spanningsvelde te stel tussen die oue en die nuwe, die slegte en die goeie, swak en sterk, dit wat van minder belang is, en dit wat as bedreigend ervaar word. Te midde hiervan word die intellektuele energie wat die “chaos” bied gestel as strategiese voordeel en aksiegeleentheid wat benut moet word in die opleiding van Kommunikasiestudente.

Een ooglopende vraag in hierdie verband is: Kan die Skool vir Kommunikasiestudies hierdie “chaos” wat aan die orde gestel word ignoreer of ontken? Die kort antwoord is: Dit mag juis nie.

## **2. Teoretiese begronding**

Hierdie multipolêre begronding wat in die proses van verandering tussen orde en chaos bestaan is ook sprekend van die spanningsvraag wat oor baie eeue gestel word met betrekking tot die verhouding van die Universiteit (lees in die konteks Skool vir Kommunikasiestudies) met die samelewing waarbinne dit bestaan. Hierdie vraag is die afgelope aantal jare toenemend aan die orde gebring binne die Suid-Afrikaanse konteks. Talle studies, taakspanne, witskrifte en wetgewing het in hierdie tyd die lig gesien. Dit sluit onder meer in: Makro-aspekte van die Universiteitswese binne Tersiêre Onderwysverband in die RSA (1987) van die Komitee van Universiteitshoofde (KUH); A Framework for Higher Education (1996) van die National Commission on Higher Education; Governance and Decision Making for the 21<sup>st</sup> Century (1996) van die National Commission on Higher Education en Institutional Research: In support of transformation in Higher Education (1997) van The South African Association for Institutional Research. Die mees onlangse verslag is die “Shape and Size of Higher Education Task Team” (2000) van die Raad op Hoër

Onderwys met onder meer 'n baie groot klem op differensiasie. Al bogenoemde het ten doel om die verhoudingsrolle van instellings en die Suid-Afrikaanse samelewing in terme van doel, funksie en relevansie aan te spreek. Die interafhanklikheid van Hoër Onderwys met die samelewingskontekste staan sentraal tot die bydraes wat hierdie verslae maak.

Dit is ook belangrik om te stel dat hierdie deurlopende soeke na 'n nuwe missie nie beperk is tot die Suid-Afrikaanse samelewing nie. Dit kom oor baie eeue in uiteenlopende samelewings voor. Sou mens van die standpunt uitgaan dat vooruitgang in die wêreld toenemend deur kennis en inligting gedryf word, plaas dit besondere klem op nie alleen die uitnemendheid van navorsing in sy kliniese konteks nie, maar ook navorsing as produk van interaksie tussen instelling en die komplekse omgewings waarbinne navorsing gedoen word (*Finansies en Tegniek*, 2000:33-34). Dan raak die omgewing, die historiese, die sosiaal-politiese, ekonomiese, gesondheids-, religieuse en tegnologiese wêreld die fokus van navorsing en kennisskepping. Dit raak ook die terrein vir die blootstelling aan en opleiding van studente in die mees realistiese situasies. Meer hieroor later.

Vanuit 'n teoretiese raamwerk sou mens na die Chaosteorie en kompleksiteitstudies kon kyk ter wille van groter konseptuele klarigheid. Die vraag sou dus wees hoe om strategies met die oorweldigende vloedgolf van verandering en gepaardgaande onsekerheid binne die organisatoriese en samelewingsverband te handel (Overman, 1996:75; Rensburg & Ströh, 1999:53). Gegewe hierdie vertrekpunt kan geen instelling, maar juis nie universiteite nie, in geslote eenheidsituasie funksioneer nie. Dit is onlosmaaklik deel van die groter geheel. Hier gaan dit uiteraard nie slegs oor die fisiese of die geografiese nie, maar pertinent oor hoe, en die prosesse waardeur die visie en missie ingeklee word, asook hoe die institusionele waardes eventueel geoperasionaliseer kan word tot uitbouing van die samelewing wat die instelling dien (vergelyk ook in die verband Antonovsky, 1993:969, Flavel & Williams, 1996:4-6, Stahl-Rolf, 2000:27-29). Die definisie van wie gedien word en die redes waarom gedien word, staan sentraal tot die proses. Dieselfde argument sou dus ook vir die Skool van Kommunikasiestudies geld.

Chaos kan beskou word as die finale fase voor 'n sisteem of instelling wegbeweeg van die bekende orde wat sekuriteit, 'n verstaanbare, en dikwels baie voorspelbare omgewing bied. Die druk op die instelling vanuit 'n onstabiele en komplekse omgewing word so groot dat dit ter wille van oorlewing noodsaaklik is om te verander en sodoende aan te pas by die veranderende en versnellende omgewing (Baker, 1993:121-135, Littlejohn, 1996:42-44). Hierdie wegbeweeg kan toegeskryf word aan 'n legio faktore. Binne die Suid-Afrikaanse konteks is die sosio-politiese transformasieproses waarskynlik die enkele grootste bydraende faktor. Ander faktore sluit die digitale revolusie, massafikasie, persoonlike verwagtinge en die inkorting van staatsbronne in (*Finansies en Tegniek*, 2000:34-35).

Hierdie prosesse van verandering vind egter nie binne voorspelbare liniëre verbande plaas nie (Warren, Franklin & Streeter, 1998:65). Instellings reageer ook nie op die omgewingsdruk op insgelyke wyses nie. Sodanige omgewings word uiteraard baie onseker vir instellings en skep die potensiaal vir verdere verval en onsekerheid. Verandering is dikwels die enigste konstante gegewe in hierdie verband (David, 1999:7). Dis veral waar in gevalle waar daar voorbeelde van die chaos voorgehou word as die norm en waar chaos inderdaad as iets beskou word wat buite-om die instelling plaasvind en alles gedoen word om nie deel daarvan te wees nie. Dit is net so gevaarlik, want hierdie afsondering dui juis op imanente chaos.

Die aanvanklike gevoel van sukses wat afsluiting van die omgewing bring, kan later omgekeer word om net nog 'n bydraende veranderlike tot die groter proses van verval te wees. In wese beteken so 'n situasie ook 'n verlies aan 'n strategiese voordeel om pro-aktief te beplan vir groter effektiwiteit (Warren, et al., 1998:65).

Dit word aanvaar dat die bestuur van verandering dikwels faal omdat die redes vir verandering, asook die wyse waarop die proses bestuur word, nie in verband gebring word met die veronderstelde strategiese doelstellings van die instelling nie (Steyn & Puth, 2000:17). Dit is egter belangrik om te onthou dat die strategiese doelwitte binne die interaktiewe konteks nie in isolasie van die omgewingsvereistes bepaal word nie. Dit is dikwels die resultaat van wedersydse inspelings en posisionering, wat ook binne die komplekse interne en eksterne verhoudingsituasies realiseer. Hierdie proses dui op groot kompleksiteit wat instellings moet bestuur (David, 1999:2-11, Flavel & Williams, 1996:17-28, Coulter, 1998:32-40; Steyn & Puth, 2000:17-19). Dit is eweneens van toepassing op 'n instelling soos 'n universiteit wat nie alleen as fokus van uitnemendheid met betrekking tot byvoorbeeld onderrig, navorsing en gemeenskapsdiens moet bestaan nie, maar juis ook as bestuursinstelling binne die komplekse omgewing bestuur moet word ten einde kwaliteit en relevansie op alle operasionele vlakke te handhaaf.

Gegewe sy besondere aard en missie, beskik die Universiteit as instelling oor eiesoortige wesenselemente waarbinne die kompleksiteit van wisselwerking met die omgewing nog verder verdiep. Die Universiteit en Skool vir Kommunikasiestudies bevind homself dus ineengestremtel met komplekse kragte en spanningsvelde. Hierdie aspekte kan as die wesenselemente beskou word van wat so 'n instelling veronderstel. Verder veronderstel dit ook die aard van die verhouding met die samelewing. Gegewe die sosio-politieke transformasie van die Suid-Afrikaanse samelewing, word die relevansie van alle instellings, maar juis ook dié van Universiteite, sterk onder die loep geneem. Die kontekste waaruit hierdie instellings ontstaan het en waardeur hulle oor dekades heen gevoed bring mee dat die wesenselemente van sulke instellings ook nie aan die herdink en kontekstualisering van die plek en funksie van die Universiteit in sy nuwe konteks kan ontsnap nie. Hierdie wesenselemente sluit in: **Identiteit en Relevansie; Universaliteit en Partikulariteit;**

**Elitisme en Egalitarisme; Outonomie en Inbreuk; en Gemeenskap en Korporasie** (KUH 1987:1-15; Rossouw, 1991:68-79). Die bydrae wat bogenoemde elemente maak tot die hoogs komplekse verhoudingsituasies sal aangetoon word.

### 3. Spanningsvelde

#### 3.1 Identiteit en Relevansie

In 'n snel veranderende samelewing soos die Suid-Afrikaanse een, is dit haas ondenkbaar dat die kwessie van 'n instelling se identiteit nie as die een enkele fokuspunt van die totale proses gesien kan word nie. Die druk gaan in wese oor die spanning van wat die identiteit was, en wat dit veronderstel is om te wees in die nuwe en komplekse situasie. Gegewe hierdie situasie, sou dit problematies wees om te redeneer dat die instelling by 'n bepaalde identiteit kan uitkom en daarmee kan volstaan. Een van die wesenskenmerke van transformasie was trouens deur die eeue heen dat niks noodwendig vir altyd afgehandel is nie. Mens sou kon redeneer dat indien transformasie as afgehandel beskou sou word, dit 'n valse sekerheid en orde skep. Hier sou die spanning dus ook lê tussen die pole van totale afsondering van die samelewing en die intense proses van interaksie met die omgewing. 'n Situasie waar die identiteitskepping enersyds 'n private, en dus 'n eie eksklusiewe aangeleentheid is, teenoor 'n inklusiewe interaktiewe proses met die omgewing.

Uiteraard sal hier ook na die grond-definisies van openheid en geslotenheid gekyk moet word wat nou saamhang met die gedagte van outonomie en identiteitskepping. Hiermee saam ook die definisie van wat 'n gemeenskap veronderstel, en die soort interaksie wat ter sprake is vir die relevansie van die universiteit binne sy maatskaplike omgewing. Die stelling kan gemaak word dat die identiteit onder meer te make het met die institutionalisering van akademiese denke en die menslike strewe na wetenskaplike kennis (Rossouw, 1991:68). Identiteit word ook verder ingeklee deur wie die mense is wat na hierdie kennis streef. Wetenskap word immers deur mense bedryf. Hierdie kennis word op bepaalde sistematiese wyses deur navorsing ingewin en weerspieël dus die intellektuele vermoë om op skeppende wyses wetenskaplik bedrywig te wees (KUH, 1987:2; Rossouw, 1991:69). Hierdie soort aktiwiteit is een aspek van die komplekse proses van identiteitskepping, maar dit is belangrik om die prosesse ook te beoordeel binne gemeenskapskontekste, insluitende die interaksie tussen instelling en gemeenskap.

Die nuwe sosio-politieke situasie in Suid-Afrika dwing instellings en gemeenskappe dus om die begrip gemeenskap grondig te herdefinieer, gegewe die eksklusiewe definisie van die verlede.

Die instrumentele waarde van wetenskaplike kennis dwing instellings egter ook om relevant te wees vir die maatskaplike omgewing waarbinne hulle funksioneer. Kennis of wetenskapbeoefening slegs ter wille daarvan, plaas groot spanning op die relevansie van die instelling. Relevansie as strategiese waarde moet egter altyd die toets van kwaliteit dra en sodoende die aktuele behoeftes van die maatskaplike omgewing help aanspreek. Die kwaliteit van uitsette moet dus ook meetbaar wees.

Relevansie beteken om ter sake te wees vir 'n aangeleentheid wat saak maak. Dit kom daarop neer dat die aangeleentheid wat saak maak nie kortsigtig benader moet word ter wille van korttermyn dienstigheid nie, maar eerder met 'n sogenaamde multi-fokale lens bekyk moet word (Rossouw, 1991:69). Dit wil sê die aangeleentheid moet benader word met die soort visie wat behoeftes as't ware met een oogopslag in die wyer blik van die teoretiese denke en praktiese kundigheid kan opneem en aanspreek, om sodoende ook oplossings te identifiseer (Rossouw, 1991:70).

'n Kernaspek word hier in twee vrae saamgevat, naamlik: wat word as relevant beskou en wat is 'n relevante instelling? Gaan dit hier alleen om kulturele dienstigheid, die identifisering van bepaalde maatskaplike probleme, die inkleding van akademiese programme en die konstruktiewe interaksie met die maatskappy in sy breedste moontlike vorm? So 'n siening kan geldig wees indien die instelling in wese 'n maatskappyprodukt is wat juis as gevolg van die soeke na kwaliteit en meetbare oplossings en die generering van kennis tot stand gekom het. So beskou, gegewe die post-1994 maatskaplike bestel, is die vraag in hoe 'n mate is daar al gevorderd op die pad na dié soort relevansie?

### **3.2 Universaliteit en Partikulariteit**

Die tweede aspek ter sprake is die verhouding tussen die universele gees en gerigtheid of fokus van die instelling, en die onvermydelike partikulerende uitwerking wat die kragte van die sosiale omgewing op die instelling uitoefen. Die instelling verteenwoordig sekere universele waardes. Hierdie waardes het in so 'n mate 'n impak op die gees van die mens dat dit grense transendeer, horisonne verruim en sodoende 'n lewensorientasie laat ontwikkel wat 'n inklusiewe ervaring en uitdrukking van menslikheid bevorder. Dit vorm ook die grondslag van alle dissiplines van wetenskapsbeoefening en behoort daarom ook tot die kern van akademiese denke (KUH,1987:6; Rossouw, 1991:70).

Hierdie strewe om akademiese waardes te vestig, veronderstel 'n ingesteldheid van verdraagsaamheid en 'n bereidwilligheid om oor grense heen te beweeg. Hier is dus 'n groter wêreld ter sprake van kontak en uitreiking wat ook op die internasionale terrein vestiging vind. Terselfdertyd beteken hierdie waardes ook dat daar tussen mense, en dus ook in die onmiddellike, 'n gees van openheid en 'n positiewe aanvaarding moet wees. In wese beteken

sulke waardes dat parogiale ingesteldhede en 'n groepsgebonde eksklusiwiteit in konflik daarmee verkeer.

Daarenteen is die instelling ook 'n sosiale organisasie wat in 'n spesifieke maatskaplike en kulturele omgewing funksioneer (KUH, 1987:6; Rossouw, 1991:70). Om sinvol te bestaan, moet dit op een of ander wyse aansluiting soek by die kenmerkende sosiale kulturele waardes van bestaande en potensiele ondersteunersgemeenskap. Gegewe die historiese en demografiese realiteite binne die Suid-Afrikaanse gemeenskap, sal deeglik beplan moet word binne die konteks van nie alleen 'n veranderende nie, maar ook hoogs diverse omgewing van 'n potensiele ondersteunerskorps. Daar is wynig sprake van 'n stabiele en voorspelbare omgewing.

Binne dié verhoudingsverband kan daar ook voortdurend bepaalde magspele plaasvind waar die gemeenskap enersyds die geneigdheid het om so 'n instelling te annekseer of as agent te laat optree vir die handhawing of die bevordering van sy eie belang. Hierdie sluit in kulturele identiteite, politieke magsbassisse ens. Daarenteen kan dit ook wees dat instellings die eie politieke magsbasis bevorder dikwels as agente van parogiale belange. Dit is veral waar instellings gesien word as kulturele en administratiewe instellings wat geborgenheid skep en nie as instellings waar kennis en vaardighede op sistematiese wyses verwerf en toegepas word ter wille van byvoorbeeld algemene nasionale belang nie.

Die punt is egter dat geen instelling in 'n sosiale en kulturele vakuum tot stand kom en so kan bestaan nie. Dit is ook belangrik om te benadruk dat kulturele vernuwings en ontwikkeling nie tot vervulling kan kom sonder dat legitimiteit by die gemeenskap of gemeenskappe waarmee die instelling in interaksie is verwerf is nie.

Wat die Suid-Afrikaanse konteks betref, is die proses van herposisionering ten opsigte van die interaksie met nuwe gemeenskappe van baie groot belang ten einde die proses van insluiting en eienaarskap te laat beleef. Die diversiteit van die gemeenskapsamestelling en belange plaas dus baie groot druk op die besondere aard en wese van die uinversiteit in sulke omgewings en hoe die besigheid van om uinversiteit te wees as universele en partikulêre instelling bedryf kan word.

'n Saak wat hier brandend is, is die moontlikheid dat 'n instelling so geannekseer kan word deur 'n spesifieke sosiale of kulturele groep met betrekking tot bepaalde sosiale en kulturele aansprake, eise en agendas dat daar nie sprake kan wees van 'n verruiming van die wetenskaplike en sosio-kulturele horisonne nie. In sulke gevalle laat instellings toe om ondergeploeg te word deur seksionele eksklusiwisme en deur kortstondige parogiale belange.



Die vraag is: kan 'n universiteit in aansluiting by die spesifieke waardes van sy sosio-kulturele omgewing dit so benut as kanaal en geleentheid om sy eie universaliserende kultuurfunksie effektief te vervul, gegewe die historiese en politieke konteks van die Suid-Afrikaanse gemeenskap? As die benadering een is van: "Ons gaan voort soos ons dit bepaal", en as hierdie "ons" weerspieëlend is van die eksklusiewe parogiale maatskaplike omgewing, kan daar nie op die langtermyn sprake wees om relevant vir die groter maatskaplike omgewing te wees nie. Die rede hiervoor is dat geloofwaardigheid met so 'n benadering in die slag gaan bly. Binne die Suid-Afrikaanse konteks is die soeke na balans tussen die universele en die spesifieke waarskynlik een van die grootste uitdagings vir die instellings as deel van die prosesse van transformasie na groter inklusiwiteit en relevansie.

### 3.3 Elitisme en Egalitarisme

Nog 'n aspek van die baie komplekse verhoudingsituasie is die siening dat instellings die plek is van die bevoorregtes, die elite, teenoor dié wat die instelling as 'n massagerigte instelling wil sien. Vir baie eeue is die eksklusiewe aard van instellings bepaal deur faktore soos sosiale stand, die ekonomiese klas of politieke stelsels. Dus, 'n plek vir en van 'n klein groepie bevoorregtes (Rossouw, 1991:71).

Binne die huidige Suid-Afrikaanse konteks is daar geweldige druk vanuit die breë bevolking om toelating tot die Hoër Onderwysinstellings te verkry. Toenemende aantal beroepe vereis hoëvlak opleiding en universiteite word gesien as sentrums wat maatskaplike geleenthede, sosiale posisies en ekonomiese welvaart moontlik maak (KUH, 1987:12). Die elitistiese siening plaas baie klem op uitnemendheid wat die fokus sterk laat val op die kriteria van intellektuele aanleg en akademiese prestasies. Almal kan dus nie sonder meer toegang verkry tot Hoër Onderwysinstellings nie. Die argument is: verseker verbeeldingryke en kreatiewe denke en innoverende leierskap ten einde kulturele vooruitgang te kweek by diegene wat die aanleg en vermoë het om dit te bereik. Andersinds word kosbare hulpbronne op hopelose gevalle gemors - diesulkes hoort nie hier nie.

Hierteenoor bestaan die egalitarisme wat argumenteer dat daar gelyke geleenthede vir almal moet wees om toegang tot die instellings te hê (KUH,1987:12). Daar word ook geredeneer dat instellings oop moet wees met weinig of geen toelatingskriteria. Daar word dikwels gesê dat dié teen wie gediskrimineer word nie op gelyke voet met almal kan meeding nie weens sosiale agterstande en as gevolg van politieke diskriminasie. "Hulle spring nie op dieselfde streep weg oppad na die wenpaal nie". Verder moet die sisteem voorsiening maak vir ondersteuning waardeur die onregverdige gevolge van diestrukturele ongelykhede binne die maatskaplike sisteem reggestel kan word. Een so 'n aspek is om onderrig binne byvoorbeeld 'n multi-mediumonderrigmodel te vestig en sodoende groter toegang te help verseker vir 'n breër laag van die gemeenskap binne 'n geïntegreerde stelsel van onderrig en navorsing.

Hierdie onderskeid het dus te make met die siening dat daar gehou moet word by die tradisionele beskouing van die universiteit as die plek waar primêr wetenskapsbeoefening en wetenskapsontwikkeling plaasvind. Daarteenoor word die kwessie van kontemporêre relevansie gestel met die klem op toeganklikheid ter bevordering van maatskaplike relevansie en die bevordering van bepaalde loopbane (Rossouw, 1991:73). Die uitdaging aan instellings is dus ook om maniere te vind, ook struktureel, waardeur toegang en onderwysgeleenthede gemaksimaliseer word en om potensiaal so te ontwikkel sonder dat gehalte onderwys in gevaar gestel word. Hierdie proses moet ook nie die finansiële posisie van die instelling en die voortbestaan daarvan bedreig nie. Instellings van dié aard is inderdaad nasionale bates, en nie seksionele ondernemings nie.

Die situasie rig groot uitdagings met betrekking tot die diverse samestelling van die Suid-Afrikaanse samelewing en die groot behoeftes wat daarmee gepaard gaan. Besliste pogings sal aangewend moet word deur werwing en die skep van beurse en studieleninge om van bogenoemde hindernisse aan te spreek. Die diversiteitsprofiel van die Skool vir Kommunikasiestudies skiet in die verband ver te kort.

### **3.4 Outonomie en Inbreuk**

Kortliks kom institusionele outonomie daarop neer dat die instelling die vryheid en reg het om alleenseggenkap uit te oefen met betrekking tot die kwalifikasievereistes, die toelating van die studente, die aanstelling van personeel, die keuse van navorsingsonderwerpe en die besteding van fondse. Hier is dus beheer oor die voorwaardes van doeltreffende wetenskapsbeoefening asook oor die standaarde om kwaliteitsversekering toe te pas. Ten einde innoverende en kritiese denke op 'n akademiese wyse te beoefen, beteken dit ook dat die nodige omstandighede geskep moet word deur bestuurstelsels en prosesse om hierdie soort ingesteldheid by personeel en studente te bevorder. Die beoordeling rus dus by die gemeenskap van akademiese deskundiges (KUJ, 1987:8-9; Rossouw, 1991:72-73).

Binne die Suid-Afrikaanse konteks bestaan daar in hierdie verband groot vraagtekens oor wie die gemeenskap van akademiese deskundiges eintlik is en hoe die groep tot stand gekom het. Die ontwikkelinge rondom die Suid-Afrikaanse Kwaliteitsversekeringsgesag het baie hiermee te make, naamlik om kwaliteitsversekering as 'n interaktiewe proses te vestig.

Dit sluit ook aan by die aanvaarding dat absolute outonomie nie moontlik kan wees nie. Die instellings is uiteraard in 'n baie groot mate afhanklik van staatsfinansies deur subsidiëring asook van die bydraes van privaat skenkers. Om dus sonder meer aan absolute outonomie te wil glo te midde van die finansiële gegewe maak ook nie sin nie (Rossouw, 1991:74).

Dit bring ook die vraag na vore, naamlik, aan wie behoort die instelling? Mens sou kon argumenteer dat dit as 'n nasionale bate beskou moet word en dat die instelling potensieel tot almal toeganklik moet wees. Daarenteen sal die instelling nie kan voortbestaan as dit nie beskou en ervaar word dat dit optree in belang van die samelewing waarbinne dit funksioneer nie. Dit bring natuurlik weer vrae soos die volgende na vore: "Wie en wat verteenwoordig hierdie gemeenskap binne die Suid-Afrikaanse konteks?" En: "Hoe en deur wie en op watter wyse word hierdie gemeenskap gedefinieer?"

Benewens hierdie beperkinge wat die instellings se besondere verhouding met die gemeenskap op sy outonomie plaas, word die beslissingsgesag in die praktyk ook verder deur bepaalde wetgewing, soos gelyke indiensneming, anti-diskriminasie en talle ander gerig (Rossouw, 1991:74). Dit hang ook saam met die gedagte en praktyk van akademiese vryheid en die outonomie van die universiteit. Hoe ver kan die instelling gaan en by wie berus die oordeel of sulke praktyke in belang van die samelewingsorde is? Verder word toenemend klem geplaas op aanspreeklikheid en dus ook op openbare rekenskap.

Tog kan daar steeds 'n saak uitgemaak word dat instellings kan aanspraak maak op outonomie in die sake wat die vervulling van die akademiese taak raak (KUH, 1987:9). Akademiese waardes wat nagestreef word het geen kans om te gedy in 'n milieu wat volledig bepaal word deur eksterne faktore en belangegroepes nie. Die instelling moet 'n balans vind van legitimiteit en aanvaarding deur die gemeenskap en belangegroepes in so 'n mate dat die relatiewe outonomie met verantwoordelikheid en met die nodige selfdisipline uitgeoefen kan word. Dan kan verwag word dat owerheid en samelewing die instelling se inherente gesag sal erken as die bron van kennis, intellektuele kreatiwiteit en kritiese denke, die dinge waarsonder 'n vrye, oop en demokratiese samelewing nie moontlik is nie.

In hierdie verband lê die klem swaar op die definisie van die soort verbande wat met gemeenskappe gesmee word. Wie is die gemeenskap en hoe word die outonomie in terme van gemeenskapsbelange verwoord? In hoe 'n mate is outonomie die filter vir die beoefening van seksionele akademie ter wille van eiebelang en ter bevordering van gemeenskapsseksionele belang? Die paradoks van insolasie kan dus 'n valse ervaring van outonomie skep wat eintlik niks anders is as 'n kunsmatige beoefening van akademie binne geslote verbande nie. Mens kan redeneer dat so 'n situasie uiteindelik dus niks anders word as die administratiewe beoefening van 'n beroep nie.

### **3.5 Gemeenskap en Korporasie**

Die universiteit in die gemeenskapskonteks is nie 'n groep mense wat deur lidmaatskap aan mekaar verbind word nie. Dit is eerder 'n groep mense wat verbind is deur gemeenskaplike strewes, waardes en ingestelthede. Die instelling kan beskou word as die produk van

samestellende en deelnemende kragte wat op organiese wyses werksaam is (KUH, 1987:13; Rossouw, 1991:74).

Wanneer die universiteit vanuit hierdie kommunale gesigspunt as 'n organiese gemeenskap beskou word, is dit nie soseer verordeninge en voorskrifte wat die bestaan en funksionering van die universiteit bepaal nie. Dit is eerder sosiale waardes en ingesteldhede soos onderlinge lojaliteit en vertroue, openheid vir kritiek, wedersydse respek en verdraagsaamhede, ongehinderde kommunikasie en die vrywillige aanvaarding van gesag van erkende gesaghebbers.

Die universiteit is nie slegs 'n organiese funksionerende gemeenskap nie. Dit het ook 'n korporatiewe karakter van 'n besondere aard. Die universiteit word deur wetgewing as regspersoon geskep en strukture en bevoegdhede word statutêr vasgelê (KUH, 1987:13-14). Die universiteit kan in hierdie verband dus as 'n skepping van die staat gesien word. Hier sou die staat dus ook kan verwag dat die toedeling en bestuur van die openbare fondse waarmee universiteite gesubsidieer word, sal lei tot die bevordering van nasionale prioriteite. Hierdie uitgangspunt kan dus lei tot spanning tussen universiteite wat as organiese stelsels tot stand gekom het en die verwagtinge wat gestel word aan die instelling as korporatiewe entiteit. Dit is veral ter sprake in 'n land soos Suid-Afrika met die beperkte hulpbronne en meer nog met die histories-politiese konteks van apartheid.

In dié verband kan in die toekoms verwag word om 'n groot druk vanuit owerheidsgeledere te kry in 'n poging om nasionale prioriteite, waarvan menslike hulpbronnontwikkeling en die bekamp van armoede, van die belangrikste vraagstukke is. Hier is die verwagtinge om na 'n meer inklusiewe stelsel te beweeg. 'n Proses waarmee al ver gevorder is.

Ten spyte van sy gekwalifiseerde afhanklikheid van die staat, moet die instelling egter ook die vryheid hê om nie onkrities na die mond van die staat te praat nie. As 'n gemeenskap van waarheidsoekers het die universiteit juis die verantwoordelikheid om nie net die soort kennis na te streef wat tegniese en organisatories mag kan bemiddel nie, maar ook die soort wat kritiese insig in die heersende sosiale en morele waardes kan bevorder. In dié sin behoort die universiteit steeds sy afstand tot die samelewing en sy owerheidsorgane te bewaar ten einde ook die rol van gewete vir die staat en die maatskappy te kan vervul (Rossouw, 1991:74). Vir hierdie taak het die universiteit egter legitimiteit nodig om as 'n konstruktiewe bydraer gesien te word.

Daar word geredeneer dat instellings wat seksionele en kulturele eksklusiwiteit bedryf beslis nie bydra tot die poel van konstruktiewe kritiek, teen byvoorbeeld staatspraktyke nie. Die rede hiervoor is dat hulle fokus op 'n bestel van eksklusiwiteit en die klem dus nie op die bevordering van nasionale prioriteite val nie. Dit sou veral nie geloofwaardigheid dra nie,

gesien teen die agtergrond van 'n geskiedenis van diskriminerende praktyke van die verlede, of by wyse van strukturele diskriminasie, soos deur die uitsluiting van byvoorbeeld studente op ander gronde as akademiese meriete, of deur die organisatoriese en strukturele reëlings van dienslewering.

#### **4. Universiteit en Skool vir Kommunikasiestudies**

Gegewe die voorafgaande kan gesê word dat die wesensverhouding tussen Skool en Universiteit, en die samelewing waarbinne die instellings hulle bevind, dus enersyds die voedingsaar en terselfdertyd die afleweringruimte bied vir die afgestudeerde studente.

Anders gestel: Die ruimte wat deur die groter universiteitsgeheel, naamlik deur strukture, beleidsbepalings, prosedures en eventuele bestuur van die situasie bepaal word, bepaal in der waarheid tot 'n groot mate die spelreëls van die Skool vir Kommunikasiestudies. Die Skool kan dus nie in isolasie van die Universiteit en die maatskaplike omgewing optree en bestaan nie.

Om dit lig te stel, vertoon hierdie groter wêreld wat betree word uiters komplekse eienskappe. Die populêre aanbiedinge van die gevolge en impak daarvan word by die sekonde oor TV- en Internetskerms geflits. Die digitale en gedrukte media rapporteer daaglik vanuit verskillende ervaringshoeke daaroor. Die spektrum van hierdie kompleksiteit raak elke lewensterrein van die maatskappy. Van die hiper-tegnologie soos vervat in nano-tegnologie, die bio-tegnologie en digitale inligtingsisteme van kommunikasie en inligting, die nasionale en internasionale kompleksiteite van sosio-politieke veskuiwings en globalisering. Die geweldige omvang van oorloë, MIV/Vigs, armoede, geweld en verkragtings maak alles deel uit hiervan.

Die onsekerheid oor die toekoms van veral wit\* jong mense, die verwagtinge van swart\* mense, die verlies aan mag, die rassisme wat met moedersmelk ingekry is, die onsekerheid oor hoe om leiding te neem, die reaksies van hardloop en vlug en ook vlug na die bekende, die woede oor die verlede en die angs, maar ook hoop vir die toekoms, maak alles deel uit van die terrein waaruit en waarvoor die Skool studente moet oplei. Mens sou kon redeneer dat dit 'n onbegonne taak is. Indien mens egter aanvaar dat slegs op die veilige en bekende gekonsentreer moet word, sou dit nie aan die wese van 'n universiteit voldoen nie. Dan word so 'n instelling bloot 'n sosiale vereniging, 'n kulturele ervaring, 'n verskynsel wat later deur geskiedkundiges en sosioloë bestudeer sal word.

Om hierdie "chaotiese wêreld" beter te verstaan, is dit nodig om te kyk na enkele snitte uit die Suid-Afrikaanse samelewing ten einde die boodskap van die kontekstuele waarbinne onderrig en opleiding eintlik geskied, meer duidelik oor te bring.

Vir hierdie doel is dit dus ook noodsaaklik om die paradoksale spanningslyn tussen die instelling en die maatskaplike verskynsels in gedagte te hou. Hierdeur word die kompleksiteit van die situasie verder beklemtoon. Die volgende is van belang vir hierdie aanbieding.

*\* Die terme "wit" en "swart" word deurloopend in hierdie studie om funksionele redes gebruik. Geen rassevooroordeel moet daarin gelees word nie.*

## **5. Die "chaotiese" wêreld**

### **5.1 Hiper-tegnologie**

Die snelheid waarteen inligtingstegnologie die afgelope aantal jare verander het gaan waarskynlik veelvoudig toeneem binne die afsienbare toekoms. Die verskuiwing na digitale tegnologie, die konvergensie van die media, en satellietdiensverskaffing open ongelooflike nuwe moontlikhede vir onderrig en opleiding. Hierdie ineenvloei, of konvergensie van die media, lei daartoe dat alle elektroniese media opgeneem word in een elektroniese sisteem soos die Internet. So word TV en Radio byvoorbeeld 'n onderdeel van die Internet op persoonlike huishoudelike rekenaars (Karsten, 2000:1).

Video-opnemers en DVD's word vervang deur 'n diens wat op 'n baie direkte en persoonlike wyse gekose programme deur 'n diensverskaffer aan kykers lewer. So gaan die konsep van uitsaaikanale vervang word sodra die Internet-bandwydte in oorfloed beskikbaar is om direkte satellietverbindings oor minder as drie jaar moontlik te maak. Toegang is direk na die bron van die uitsending deur die Internet (Karsten, 2000:1).

Die globaliseringsproses wat hiermee gepaard gaan plaas mense in virtuele verhoudingsituasies wat totale nuwe prosesse van verhoudingsdinamika teweeg bring. Die tussenspel van die rekenaar en sy sagteware skep geleenthede van kontak, toegang en kreatiwiteit wat gister nog net drome was. 'n Nuwe geslag aardbewoners word burgers van hierdie "Global Village". Die impak van hierdie manier van leef strek uiteraard oor vele terreine van die mens se daaglikse bestaan. Dit is reeds 'n baie groot navorsingsterrein vir talle wetenskaplikes. 'n Trans- en multi-dissiplinêre navorsingsparadys vir die Kommunikasiekundige, onder andere.

Wat hierdie wêreld verder te wagte kan wees is dat e-pos en telefoonnummers ook gaan verdwyn. Jou naam.com gaan jou toegang word tot die wêreld waarin almal digitaal met mekaar verbind is en waarin e-sake gedoen word, met die verbruiker as middelpunt. Die mobiliteit van die selfoon dra ook verder by tot die verstommende moontlikhede van die nuwe tegnologie. Huishoudelike elektroniese toestelle word ook geïntegreer met die wêreld se digitale vel wat 'n nuwe dimensie aan sekuriteit en huishoudingbestuur gee. Toestelle word

dramaties kleiner en mobiel. So word voorsien dat persoonlike rekenaars so klein kan word dat dit selfs onder die vel ingeplant sal kan word (Karsten, 2000:1).

Deur nano-tegnologie, die groot nuwe uitvindsel van die 21ste eeu, ontstaan daar ongelooflike nuwe moontlikhede byvoorbeeld op die terrein van digitale databerging. Daardeur kan triljoene stukkie digitale inligting op 'n oppervlakte so groot soos 'n posseël geborg word. Die hele Encyclopedia Britannica maal vyfhonderd keer!

Danksy die wonder van DNS is die biotegnologiese revolusie reeds met ons. Sommige ingeligtes sê dit is ontsettend groter as die inligtingsrevolusie. So is gene ontdek wat veroudering veroorsaak en beheer: "telemore". Die teorie is dat die produksie van telemore in 'n organisme aangehelp kan word met behulp van 'n ensiem genaamd telomerase en dat die lewensverwagting van mense, diere en plante daardeur verleng kan word. Dit maak ook die kweek van menslike organe en weefsel moontlik wat vir oorplanting of rekonstruksiewerk gebruik kan word. So kan daar in die toekoms potensieel 'n orgaanbank vir elke individu geskep word (Karsten, 2000:1).


## **5.2 MIV/Vigs**

Die tweede kompleksiteit is die stand van MIV/Vigs. Daar word gesê dat as die MIV/Vigs pandemie 'n oorlog was, Suid-Afrika lank reeds sou oorgegee het aan die vyand (Shell, 2000:7).

Die volgende tabel stel 'n geprojekteerde beeld van die omvang van hierdie enorme probleem voor wat voortstu binne die Suid-Afrikaanse gemeenskap.

Tabel 1: Die verwagte toename van MIV/Vigs gevalle in Suid-Afrika tot 2010

**Tabel 1: Verwagte toename van MIV/Vigs gevalle  
in SA tot 2010**




Die realiteit is egter dat dit erger as 'n oorlog is. Daar word bereken dat teen die einde van 1999 daar sowat 3,5 miljoen mense in Suid-Afrika met die virus besmet was en dat teen 2001 daar sowat 4,2 miljoen besmette mense sal wees. Die getal kan groei tot tussen 5,3 en 6,1 miljoen in 2005 en tot 7,5 miljoen in 2010. Verder word meer as 2 500 mense daaglik besmet en tussen 100 000 en 150 000 kinders sou teen die einde van die jaar 2000 weeskinders wees as gevolg van MIV/Vigs (Van Tonder, 2000:1).

Die verwoestende uitwerking van die pandemie sal tot gevolg hê dat die lewensverwagting van die Suid-Afrikaanse bevolking gemiddeld daal tot 40 jaar teen die jaar 2010 teenoor 'n geraamde gemiddelde ouderdom van 63 jaar in 1980 (Shell, 2000:7-27, Quattek, 2000:34-56).



**Tabel 2: Die verwagte sterftes van ekonomiese aktiewe mense in Suid-Afrika as gevolg van MIV/Vigs tot 2015**

**Tabel 2: Verwagte toename in sterftes van ekonomiese aktiewe mense in SA as gevolg van MIV/Vigs tot 2015**



Die verwoestende uitwerking van MIV/Vigs maak veral 'n groot impak op die ekonomiese aktiewe mense in die ekonomie. Benewens die persoonlike tragedie, word die impak op die ekonomie as groter as inflasie beskou. Quattek (2000:34-56) bevind dat maatskappye teen die jaar 2005 tussen 40% en 50% van hul werkers kan verloor. Die beraming dui daarop dat teen 2010 sowat 15% van geskoolde werkers besmet sal wees (vergelyk ook South African Institute of Race Relations [SAIRR], 1999:218-225).

Maatskappye staar geweldige arbeidskoste en 'n groot afname in produktiwiteit in die gesig weens afwesigheid van die werk, siektes en dood. Die geweldige toename in die besmetting van mense wat in professionele beroepe staan (soos verpleegkundiges, soldate en onderwysers) is ook kommerwekkend. Waar daar reeds 'n geweldige tekort aan goed opgeleide mense in hierdie beroepe bestaan, hou dit groot implikasies op alle vlakke van die samelewing in. Suid-Afrika kan eenvoudig nie die ineenstorting van die arbeidsmag in hierdie beroepe bekostig nie. Die totale samelewing sal deur hierdie impak nadelig beïnvloed word. Die gepaardgaande ellende gaan nie alleen beperk wees tot die arm vlakke van die samelewing nie, maar dit gaan ook deur die totale samelewingstruktuur dring en familiestrukture verder vernietig (Quattek, 2000:34-56).

### 5.3 Afrikanisering

Met die eerste demokratiese verskiesing van 1994 en die gevolglike vervanging van 'n wit en hoofsaaklike Afrikaansprekende regering, is Suid-Afrika onherroepelik op 'n totale nuwe baan geplaas. Die omgewings waarbinne Suid-Afrikanners werk en leef het vir die gewese bevoorregte groep wit mense baie meer kompleks en onvoorspelbaar geword.

Die trauma van magsverlies en die vrees vir die onbekende het baie mense (en veral baie witmense) beetgepak. Wat voorheen 'n veilige en voorspelbare omgewing was, het verander in belewenisse van onsekerheid en woede.

Alle aanduidings is dat die debat oor die proses van Afrikanisering nog maar in sy kinderskoene staan te midde van die groot opbloeï van swartbewussyn. Die vestiging van Suid-Afrika as 'n Afrikastaat en die kweek van nasieskap met 'n sterk Afrika identiteit, gekoppel aan die Afrika Renaissance-gedagte, is van die groot uitdagings van die volgende dekades (vergeelyk in die verband Mbeki, Buthelezi, Cleary, Kornegay, Landsberg en Mokgoro, 1998). Vir baie witmense was en is Suid-Afrika as 'n Afrikastaat 'n vreemde gedagte. Kyk hoe maklik word daar deur witmense verwys na Afrika as iets ten Noorde van die land. Dit asof Suid-Afrika nie vierkantig binne die bodem van Afrika geplant is nie!

Die gevoel van die nuwe owerhede is dat 'n nuwe Afrika identiteit deur die herlewing van Afrika waardes geskep moet word. Dit is deel van die mandaat van die mense. Talle kommissies, soos die Waarheids- en Versoeningskommissie, die Amnestieverhore, die media- en rassismeverhore, word gesien as prosesse om die problematiek van 'n baie ingewikkelde samelewing aan te spreek. Die internasionale konferensie oor rassisme wat vroeg in 2001 in Suid-Afrika gehou is, is nog 'n voorbeeld van die soeke na 'n nuwe identiteit en waardestelsel vir die land.

Die debat oor rassisme, wat enersyds gesien word as 'n poging om die verhouding tussen groepe verder te bemoelilik, word andersyds gesien as 'n poging om iets te begin verstaan oor die ervarings van mense wat aan die ontvangkant was en is. Om ook iets te verstaan van die verlede. Die staat van ontkenning waarvan baie witmense beskuldig word, word vertolk as 'n bewys dat hulle nie die vaagste benul het of totaal ongevoelig staan teenoor die gevolge van eeue se statutêre en institusionele diskriminasie. Die selfhaat van swartmense word nie verstaan nie, word gesê.

Die een argument beskou byvoorbeeld regstellende aksie as 'n vorm van rassiediskriminasie. Die ander wil dit hê dat mense wat vir soveel jare deur rassisme bevoordeel is en wyngig of hoofsaaklik niks daarteen gedoen of gesê het nie en nou skielik teen diskriminasie praat,

liever uit die debat moet bly. Vooroordele en die gepaardgaande agterdog teenoor mekaar hou die potensiaal van groot onsekerheid en konflik in.

Dit is voorwaar 'n baie komplekse en onseker wêreld wat mense moet betree en wat instellings moet verreken.

#### **5.4 Misdad en geweld**

Transformasie bring mee dat samelewings onseker word oor die toekoms. Nie alleen word gevestigde gebruike en norme omvergegooi nie, maar bepaalde verwagtinge word geskep by mense wat soek na regstelling. Verwagtinge word geskep wat heel dikwels nie haalbaar is nie weens die kort tydsduur beskikbaar om komplekse aangeleenthede soos werkloosheid, opvoeding, gesondheid en materiële welvaart aan te spreek (Lewis, 1999:43, 75).

Een van die groot nuwe-effekte van samelewings in oorgang is die onvermydelike toename in misdad en geweld. Werkloosheid kan beskou word as een van die grootste bydraende faktore. In die Suid-Afrikaanse situasie kom die verskynsel van politieke en rasgemotiveerde geweld baie voor. Sommige moorde, byvoorbeeld op Weermagoffisiere en kommersiële boere, die wedersydse moorde op politieke teenstaanders tussen die ANC en IVP, word beskou as voorbeelde van ras en politieke gemotiveerde moorde en geweld.

Misdadadysfers, insluitende moord, gewapende roof en verkragting word beskou as van die hoogste ter wêreld. Die impak van dié tipe optrede binne samelewings dra verder by tot die verwarring en uitsigloosheid van baie mense wat hulle oë op die toekoms het.

'n Vergelyking van die volgende kategorieë van misdad, naamlik geweldsmisdad, sosiale geweld en enkele tipes eiendoms misdad gee die volgende beeld:

**Tabel 3: Misdaad en geweld. Ratio per 100 000 van die bevolking**

**Tabel 3: Misdaad en geweld: Ratio per 100 000 van die bevolking: 1994 - 1999**

	1994	1995	1996	1997	1998	1999
Moord	29.4	25.9	24.7	23	22.9	22.7
Diefstal	85.5	84.8	69	63.4	77.3	89.8
Verkragting	41.5	46.4	50.8	50.9	47.4	47.5
Aanranding	199.9	216.9	214.9	201.9	195.2	209.7
Huisinbrake	238.7	253.2	263.4	248.9	256.2	280.3
Motordiefstal	106.2	110.9	97.2	96.9	102.7	100.8

Statistiek soos verskaf deur die Suid-Afrikaanse Polisie (2000) toon aan dat gemiddeld 9 080 mense per jaar gewelddadig sterf. Roof met verswarende omstandighede kom in gemiddeld 35 920 gevalle per jaar voor. Verkragting kom gemiddeld per jaar (oor die afgelope ses jaar) in bykans 19 000 gevalle voor, terwyl die gemiddelde jaarlikse aanrandingsyfers oor die afgelope ses jaar op 82 567 staan.

Huisbraak, wat met bykans 10% per jaar oor die afgelope ses jaar gegroei het, staan op 'n gemiddeld van 102 713 gevalle per jaar, en motordiefstal, wat 'n baie geringe afname toon, staan op bykans 41 000 gevalle per jaar.

Die ironie is dat hierdie soort omstandighede vir baie Suid-Afrikaners deel van hulle onmiddellike en alledaagse omgewings uitmaak. Geen wonder nie dat uitsigloosheid, verdere verval in selfvernietiging en 'n vlugreaksie so prominent in baie mense se beplanning figureer.

### 5.5 Demografiese samestelling en tendense

Die demografiese samestelling van die Suid-Afrikaanse populasie verteenwoordig die breë raamwerk waarbinne die sosiale dinamika en kompleksiteite van die samelewing afspeel. 'n Deeglike begrip van die tendense en patrone wat na vore kom met betrekking tot die samestelling, verspreiding, groei en afnames in groei is vir alle beplanners (byvoorbeeld

menslike hulpbron ontwikkelaars) uiters belangrik. In dié verband staan die Universiteit en die Skool vir Kommunikasiestudies midde-in hierdie dinamiek. Die rede hiervoor is dat dit die toekomstige kliënte, asook die afgestudeerdes van die afgelope dekades, insluit. Dit sal dus onverstandig wees om dit slegs as koue statistiek te beskou.


Hierdie statistiek kan uiteraard ook nie geïsoleer word van die ander tendense wat in die voorafgaande dele behandel is nie. Verborge en potensieel uiters ploffbare kontekste wat hierin ingelees moet word is byvoorbeeld materiële besit soos huise en luukse goedere. Geografiese verspreiding en die toeganklikheid tot, of die gebrek aan, openbare dienste, soos hospitale, klinieke, skole en ander lê ook hierin verskuil. Een so 'n kernaspek is die grondkewessie.

Daar is wynig twyfel dat dit een van die grootste vraagstukke van die Suid-Afrikaanse samelewing is en gaan word. Die feit dat 70% of meer van die Suid-Afrikaanse grondgebied in die besit van ongeveer 6% wilmense is, gee 'n baie sterk idee van die probleem. Dit is nie alleen problematies weens die ekonomiese impak daarvan nie, maar juis ook oor die emosionele kulturele-politieke dimensies wat daaraan (en dus ook aan identiteit) verleen word.

Die onlangse Zimbabwiese voorbeeld is sprekend van hoe so 'n saak destabiliserend kan inwerk op samelewings en streke. Dit is uiters belangrik dat dit korrek bestuur moet word. Die brandende behoefte aan geregtigheid, menswaardigheid, erkenning en die terugkry van verlore besit en geleenthede is onderliggend aan hierdie kompleksiteit.

Daar word beraam dat die Suid-Afrikaanse bevolking tans op ongeveer 40,6 miljoen mense staan (SAIRR, 1999:5). Die amptelike sensus van 1996 en die bekendmaking daarvan in 1998 dui die volgende tendense aan. In die eerste plek gaan na die breë samestelling gekyk word met die verdeling tussen die verskillende bevolkingsgroepe, daarna na die gegewens vir die Noord Wes-provinsie, die verspreiding in terme van die verskillende ouderdomsgroepe en die inskrywings van leerlinge in skole asook die verdeling van enkel kultuur en multi-kulturele skole (SAIRR, 1999:5-15).

Tabel 4: Bevolkingsamestelling volgens ras



Die oorweldigende feit wat hier uitstaan is die verdeling tussen die twee hoofgroepe wat as swart en wit beskou word. Hier verteenwoordig die swart groep 88,2% van die totale bevolking en die wit groep 10,9%.

**Tabel 5: Proporsionele indeling van die verskillende groepe volgens ras per provinsie**

**Tabel 5: Proporsionele indeling van die verskillende groepe volgens ras per provinsie: 1996**

Provinsie	Swart	Kleurling	Indiërs/Asiërs	Blankes	Ander
Oos-Kaap	86.4	7.4	0.3	5.2	0.6
Vrystaat	84.4	3	0.1	12	0.4
Gauteng	70	3.8	2.2	23.2	0.8
KwaZulu-Natal	81.7	1.4	9.4	6.6	0.8
Mpumalanga	89.2	0.7	0.5	9	0.6
Noord-Wes	91.2	1.4	0.3	6.6	0.5
Noord-Kaap	33.2	51.8	0.3	13.3	1.5
Noordelike Provinsie	96.7	0.2	0.1	2.4	0.7
Wes-Kaap	20.9	54.2	1	20.8	3.1
TOTAAL	76.70%	8.90%	2.60%	10.90%	0.90%

Wat die Noord Wes-provinsie betref, is die verdeling 92,9% swart en 6,6% wit

Tabel 6: Proporsionele ouderdomsprofiel


<b>Tabel 6: Proporsionele ouderdomsprofiel volgens ras: 1996</b>
--

Ouderdom	Swartes	Kleurlinge	Indiërs	Blankes	Ander	Gemiddeld
0 - 14	36	33	27.4	21.1	37	33.9
15 - 39	43.1	44.2	44.2	39	38	42.7
40 - 64	15.5	18.4	23.8	28.2	14.9	17.4
65+	4.2	3.6	3.8	10.3	3.9	4.8
Ander	1.2	0.8	0.9	1.5	6.1	1.2
<b>TOTAAL</b>	<b>100%</b>	<b>100%</b>	<b>100%</b>	<b>100%</b>	<b>100%</b>	<b>100%</b>

Die ouderdomsgroep 15 tot 39 jaar, wat potensieel die voedingsbron van die ekonomie en tersiëre instellings is, maak die grootste proporsionele groep uit. Hierdie syfer kom (in die geval van die swart groep) op ongeveer 15 miljoen mense te staan. Hierteenoor veteenwoordig dieselfde groep witmense slegs sowat 800 000. Dit verg nie veel verbeelding om iets van die dinamika hiervan vir die toekomstige behoeftes op die ekonomiese, landboukundige en onderwysterreine te verstaan nie. Toeganklikheid is die sentrale tema hier ter sprake.



Tabel 7: Skooltoelatings per ras




In 1997 het die skoolbetreders bestaan uit bykans 94% uit die swart groep, met ongeveer 6% uit die wit groep. Dit toon duidelik die tendens van die toekoms aan (SAIRR, 1999:127-141).

### 5.6 Ekonomiese aktiewe mense (armoede)

Die ekonomie verteenwoordig waarskynlik een van die mees dinamiese veranderlikes in 'n hoogs komplekse Suid-Afrikaanse omgewing. Die historiese asook diestrukturele inkleding van die vlakke, soort werk en soort vergoeding en die vooruitsigte vir vordering in die ekonomiese strukture, hou baie sterk verband met die sosio-politieke verlede van die land. Die prosesse van regstellende aksie, die omvorming van onderrig en opleidingsgeleenthede, die groter klem op vaardigheidsontwikkeling, kleinsakebevordering, die klem op buitelandse beleggings, die privatisering van staatsbates en verhoogde uitvoere, is alles pogings om die problematiek van die ekonomiese stand van Suid-Afrikaners op bepaalde nuwe bane te plaas. Hiermee saam laat die beskuldigings en probleme van swak bestuur en administrasie, misdaad, gebrek aan vertroue en die ineenstrengeling deur globalisering met wêreldmarkte 'n baie komplekse en verwikkelde omgewing.

Tabel 8:           Ekonomiese aktiewe mense per bevolkingsgroep (werkloosheid): 1994-1997

Tabel 8: Ekonomiese aktiewe mense per bevolkingsgroep (werkloosheid): 1994 - 1997



Wat die Suid-Afrikaanse situasie verder kompliseer, is die fynere, maar terselfdertyd verdoemde detail van wat met mense in die ekonomiese omgewings gebeur. So byvoorbeeld is die ekonomiese aktiewe deel van die gemeenskap verdeel in 85% swart en ongeveer 14% wit ekonomiese aktiewe mense. Volgens die jongste sensussyfers is ongeveer 34% van die ekonomiese aktiewe mense werkloos. Sommige bronne beraam hierdie syfer op 42%. Wat die prentjie verder kompliseer, is die groot getalle mense wat 'n minimum loon van minder as R1 000,00 per maand verdien wat baie direk met geslag en ras korreleer. So verdien net meer as 50% swart **mans** en ongeveer 69% swart **vroue** minder as R1 000,00 per maand. Daarteenoor is ongeveer 65% van werkende wit **mans** se inkomste in die omgewing van R3 500,00 per maand. Daar is ook meer as 50% werklose swart vroue vergeleke met ongeveer sowat 5% wit vroue. Terselfdertyd is daar ongeveer 34% werklose swart mans teenoor sowat 4% werklose wit mans in die Suid-Afrikaanse ekonomie (SAIRR, 1999:251-309).

Die kloof tussen die groepe en die ekonomiese en sosiale dinamika wat gepaard gaan met werkloosheid enersyds en relatiewe ekonomiese aktiwiteite andersyds, skep verdere wêreldes van intense verskille. Hierdie ervarings gee wat uiteenlopende perspektiewe op die Suid-Afrikaanse belewenis. Dit spreek vanself dat hierdie fundamentele basis van mense se welsyn hulle belewenisse sou inkleef oor die dag tot dag sin van hul bestaan.

Gegewe die histories-politiese en benewens die kulturele ervaringswêreld, plaas dit mense (in dié geval die grootste groep mense) ook in skerp kontrasterende wêreld van lewenskwaliteite. Daarom is dit eenvoudig om 'n beeld voor te hou van twee nasies binne een land: die een swart en arm en die ander wit en welgesteld.

## 5.7 Diversiteitsbestuur, leierskap en verandering

Vir die doeleindes van hierdie studie is die laaste aspek wat deel uitmaak van die komplekse Suid-Afrikaanse gemeenskap die diversiteit van die transformerende Suid-Afrikaanse organisatoriese omgewing. Uiteraard, die praktiese omgewing waarbinne die Kommunikasiestudente gaan werk, en dus die wêreld waar die Suid-Afrikaanse gemeenskappe bymekaar kom.

Diversiteit, in terme van geslag, ras en oriëntasie dra baie sterk die potensiaal van konflik en onsekerheid. Dit is veral die geval gesien teen die besondere geskiedenis van die Suid-Afrikaanse gemeenskappe wat oor soveel jare gekenmerk is deur diskriminasie, stereotipering en geweld. Daarenteen bied sulke situasies geleenthede vir innovasie, verhoogde bewustheid van die kerndoelwitte van die organisasie. Dit bied ook 'n groter openheid wat kan bydra tot 'n kultuur van deursigtigheid en gebondenheid binne 'n demokratiese stelsel (Giacalone, 1994:621; Stahl-Rolf, 2000:27-34 ).

Enkele aanleenthede wat hier in gedagte gehou moet word, sluit in:

- Die proses van verandering en die bestuur van verandering word dikwels gedefinieer, beplan en uitgevoer in isolasie van die spanningsvelde waarbinne 'n herdefinisie van die bestaan en identiteit van die organisasie eintlik moet plaasvind. In werklikheid word die status quo dikwels gehandhaaf met bloot oppervlakkige strukturele verskuiwings as die aksie en heel tereg die verwagte en beplande uitkoms van die verandering. Dikwels is die gesindheid: "Ons moet maar net die gety ry. Ons sweet hierdie een uit, dinge sal oorwaa".
- Te veel pogings word aangewend om beplanning die fokus te maak sonder duidelike doelwitte en prosesse, insluitende 'n erkenning van die waarde van deelnemende besluitneming.
- Die baie sterk ideologies-gedrewe, of seksionele fokus van verandering en die bestuur daarvan, sonder om die belang van die groter geheel ook te sien en te verreken.
- Strukturele eksklusiwiteit wat daartoe bydra dat die prosesse eng volgens raamwerke van institusionele beleid en praktyk bestuur word binne strukturele bane, met die gevolg van strukturele insolasie.
- Die klem op tegnologiese innovasie as die antwoord, en heel dikwels die voorgestelde oplossing, van verandering sonder om die interaktiewe omgewings van bestuur te

verstaan. Die mens word hier gesien as opsioneel tot die proses. Identiteit word rondom tegnologie en struktuur gebou en nie om waardes en mense nie (Rensburg & Ströh, 1998:60).

- Fragmentele veranderingsbestuur van kernfokusse waar instellings struktureel bestuur word asof dit nommerpas gemaak kan word vir belangegroep en bestuursdoelwitte sonder koherensie en kohesie. Hier word die pragmatiese dus die doel wat nagestreef moet word. Identiteit word wisselend voorgehou, afhange van die omstandighede en met wie in gesprek getree word. Dit sou as 'n tipiese post-modernistiese tegniek beskou kon word. Hier speel tegnologie dikwels die rol van tussenganger wat terselfdertyd help skep aan die skisofreniese beeld van eenheid (maar tog ook versplintering en afstandskapping).
- Die dilemma van interpretasie en verpakte werklikhede soos dit voorgehou word as die enigste en dus gesanksioneerde werklikheid. Heel dikwels is dit die gevolg van uiterste onsekerheid aan die kant van besluitnemers. In baie gevalle is dit ook weens 'n gebrek aan erkenning van die kompleksiteit van die situasie, of is dit die gevolg van vrees wat sterk ondersteun word deur eng persoonlike en/of kultureel/ideologiese uitgangspunte (vergelyk ook Lewis, 1999:43, Kolzow, 1990:19-23)

As deel van bestuur, en gegee bogenoemde dilemmas, sou Kommunikasiekundiges se besondere taak dus waardevol wees om kritiese bydraes te maak ten opsigte van die volgende:

- Om 'n duidelike en helder bestuursfilosofie te help vestig met die klem op vertroue en eienaarskap as kernelemente van 'n geïntegreerde transformasie- en veranderingsproses.
- Kennis en inligting oor die pad vorentoe te help vestig deur die Visie, Missie en kernwaardes en meetbare uitsette van die instelling te kommunikeer (Pace & Faules, 1994:99-112). Hierdie elemente moet deel uitmaak van volgehoue kommunikasie wat ook die geleentheid skep om in gesprek te wees met hierdie elemente.
- Gedeelde waardes as die resultaat van inklusiwiteit wat gevestig moet word te midde van die wete dat verandering voortdurend nuwe druk plaas op die bekende. Hierdie gedeelde waardes kan nie bepaal word in isolasie van die gemeenskappe wat gedien word nie. Uiteraard plaas dit die klem stewig op interaksie. Die definieëring van wie hierdie gemeenskappe is, is natuurlik uiters strategies vir die geloofwaardigheid van die instelling. Sonder geloofwaardigheid stel instellings hulself bloot aan onbeheerbare druk wat kan lei tot hul uiteindelijke marginalisering.
- 'n Kernaspek van bestuur en spesifiek van diversiteitsbestuur, is die behoefte aan inligting en kennis aangaande prosesse, prosedures en strukture wat sentraal staan tot die koördinerende van bestuur in die organisasie. Die beswering van agterdog ten opsigte van die persepsies dat strukturele determinisme die lot van mense bepaal ten opsigte van

hul invloed en posisies in die organisasie is van groot belang. In situasies van transformasie help dit nie om individue te verander of vervang, terwyl dieselfde strukture en prosesse waarbinne die organisasie funksioneer steeds bestaan nie (Giacalone, 1994:641).

- Die vermoë om grense van agterdog en vyandskap te oorbrug is seker een van die mees komplekse take waarbinne die kommunikasiekundige moet optree. Die diverse geskiedenis van mense, sosio-politiese kontekste en persoonlike ambisies is enkele kernaspekte wat deurbreek moet word en wat op so 'n wyse bestuur moet word dat 'n proses van identiteitsontwikkeling kan begin groei. Dit is nie alleen produkte wat bydra tot die ontwikkeling van 'n bepaalde korporatiewe beeld nie, maar ook die mense en die manier waarop daar gestreef word om die waardes en doelwitte van die instelling te verwezenlik (Rensburg & Ströh, 1998:62).
- Gesagsbestuursverandering, waar die leierskorps in die organisasie vervang word, verteenwoordig waarskynlik die mees dramatiese ingreep in die bestaan van 'n instelling. Binne transformerende situasies is dit waarskynlik die hoogste prys wat betaal kan word en waarskynlik die hooftelke van drukgroepe. Die grootste bate om gesagsfigure te verwyder lê in die simboliese waarde, en dit word dikwels so ervaar. Outoritêre en ondemokratiese bestuurders, en dus hul praktyke, moet vervang word om ruimte te skep vir ware verandering. Vir ander werkgewers kan sulke stappe lei tot die ervaring van 'n verlies aan sekuriteit en identiteit. Binne sulke onseker werksomgewings speel die kommunikasiekundige 'n uiters belangrike rol ten einde 'n goed ingeligte en bestuurbare omgewing te skep.
- Binne die onseker en komplekse omgewing is die uitdagings vir die kommunikasiekundige om kommunikasiesisteme te vestig. Hierdie sisteme kan die spektrum van interpersoonlike tot die gebruik van elektroniese media insluit. Deur hierdie kommunikasiesisteme word meegewerk om 'n kommunikasie-omgewing te help skep wat nie alleen die institusionele funksies van bestuur op die formele vlak laat slaag nie, maar ook die dikwels geweldige uiteenlopende diverse groep mense en die doelwitte wat nagestreef moet word deur kontak met mekaar te laat identifiseer. 'n Kommunikasieklimaat wat bydra tot groter geborgenheid en veiligheid, en wat nie net die simboliese waarde van eenheid dra nie, is van die belangrikste doelwitte om na te jaag. Om dit te vestig, gegewe die agtergrond en sosio-politieke geskiedenis van die land, is sekerlik nie moontlik binne 'n kort tyd nie. Hierdie onsekerheid binne instellings lei in die groter konteks natuurlik tot groter onstabiliteit binne die verskeidenheid van Suid-Afrikaanse organisasies. Die gevolge hiervan kan gesien word in die gebrek aan beleggingsvertroue, die onttrekking van kapitaal en die emigrasie van kundigheid (Rensburg & Ströh, 1998:62).
- Bestuurders moet binne hierdie komplekse omgewings dus ook die rol van helende en diensbestuurders speel. Hulle moet ondersteun word deur kommunikasiebestuurders wat help skep aan 'n omgewing waarbinne hierdie bepaalde funksie van die bestuurder tot sy

reg kan kom - grootliks as fasiliterende praktyke (Zorn, Page & Cheney, 2000:528-534). Hierdie is nuwe en uitdagende rolle vir bestuur wat waarskynlik nie so gewoon was om sagte bestuurstake so hoog te ag binne die baie verstrengelde tegnokratiese omgewing van bestuur nie. Die beginsel hier is dat personeel sien en ervaar dat menswaardige bestuur verwerf word deur die helende en diensgerigte aksies van bestuurders.

## 6. Toepassing en slot

In den breede word hier twee baie intense en komplekse sisteme ineengewef. Dit is naamlik die instelling en die omgewing (hoewel slegs op selektiewe sisteemelemente vir die doeleindes van hierdie studie gefokus is). Daar bestaan dus 'n bepaalde eiesoortige spanningselement. Konstruktiewe interaksie met hierdie kompleksiteit bied dus die strategiese terrein waarbinne opleiding en onderrig plaasvind.

Gegewe die voorafgaande, kan dus geredeneer word dat die paradoksale, en dikwels chaotiese, spanningslyn die strategiese voordeel aan instellings bied wat konstruktief en dus pro-aktief in interaksie met die problematiek van die Suid-Afrikaanse samelewing verkeer. Hierdie betrokkenheid is sentraal tot die ontsluiting van die wesenselemente van 'n universiteit soos beleef oor die eeue, maar binne nuwe en uitdagende Suid-Afrikaanse kontekste.

As van die standpunt uitgegaan word dat die opleiding en onderrig van die Kommunikasiestudent nie kan losstaan van die uitdagings van die samelewing waarbinne en waartoe toetree word nie, plaas dit 'n baie groot verantwoordelikheid op die instellings wat direk betrokke is by die prosesse van interaksie.

Dit plaas uiteraard ook die instellings waar definisies vir relevansie en kwaliteit bepaal word voor geweldige besluite. Sonder om aan die wesenskenmerke van hierdie spanningsvelde te verwat, vereis hierdie posisionering egter 'n inkledingsproses van inhoude wat nie eensydig of in isolasie van die Suid-Afrikaanse gemeenskap in sy breedste en mees spesifieke sin gemaak kan word nie.

Programinhoud, navorsingsgeleentheid en projekte sal dus in 'n groot mate komplekse elemente moet insluit van die wêreld waarbinne instellings hulself bevind. Dosente sal doelbewus die problematiek van hierdie kompleksiteit moet verstaan om sodoende by te dra tot die bron van kenniskepping en die omgaan met probleemoplossings. Waar beter juis as binne die dissipline van Kommunikasie wat intens ineengestremel is met die maatskaplike omgewing?

reg kan kom - grootliks as fasiliterende praktyke (Zorn, Page & Cheney, 2000:528-534). Hierdie is nuwe en uitdagende rolle vir bestuur wat waarskynlik nie so gewoon was om sagte bestuurstake so hoog te ag binne die baie verstrengelde tegnokratiese omgewing van bestuur nie. Die beginsel hier is dat personeel sien en ervaar dat menswaardige bestuur verwerf word deur die helende en diensgerigte aksies van bestuurders.

## 6. Toepassing en slot

In den breede word hier twee baie intense en komplekse sisteme ineengewee. Dit is naamlik die instelling en die omgewing (hoewel slegs op selektiewe sisteemelemente vir die doeleindes van hierdie studie gefokus is). Daar bestaan dus 'n bepaalde eiesoortige spanningselement. Konstruktiewe interaksie met hierdie kompleksiteite bied dus die strategiese terrein waarbinne opleiding en onderrig plaasvind.

Gegewe die voorafgaande, kan dus geredeneer word dat die paradoksale, en dikwels chaotiese, spanningslyn die strategiese voordeel aan instellings bied wat konstruktief en dus pro-aktief in interkassie met die problematiek van die Suid-Afrikaanse samelewing verkeer. Hierdie betrokkenheid is sentraal tot die ontsluiting van die wesenselemente van 'n universiteit soos beleef oor die eeue, maar binne nuwe en uitdagende Suid-Afrikaanse kontekste.

As van die standpunt uitgegaan word dat die opleiding en onderrig van die Kommunikasiestudent nie kan losstaan van die uitdagings van die samelewing waarbinne en waartoe toetree word nie, plaas dit 'n baie groot verantwoordelikheid op die instellings wat direk betrokke is by die prosesse van interkassie.

Dit plaas uiteraard ook die instellings waar definisies vir relevansie en kwaliteit bepaal word voor geweldige besluite. Sonder om aan die wesenskenmerke van hierdie spanningsvelde te verwater, vereis hierdie posisionering egter 'n inkledingsproses van inhoude wat nie eensydig of in isolasie van die Suid-Afrikaanse gemeenskap in sy breedste en mees spesifieke sin gemaak kan word nie.

Programinhoud, navorsingsgeleenthede en projekte sal dus in 'n groot mate komplekse elemente moet insluit van die wêreld waarbinne instellings hulself bevind. Dosente sal doelbewus die problematiek van hierdie kompleksiteit moet verstaan om sodoende by te dra tot die bron van kenniskepping en die omgaan met probleemoplossings. Waar beter juis as binne die dissipline van Kommunikasie wat intens ineengestremel is met die maatskaplike omgewing?

Deur so 'n benadering aktief te bevorder, word nie net groter erkenning gegee aan die simboliese waarde van so 'n proses en produk nie, maar kan al die wesenskenmerke van die Universiteit as instelling nuwe geloofwaardigheid, relevansie en inhoud verwerf tot die lewering van meetbare kwaliteituitsette op alle vlakke. Hierdeur sal ook groter inhoud gegee word aan die begrip "custodianship", of kuratorskap. Met ander woorde, die instelling word met sorg en kwaliteit versorg ter wille van die Suid-Afrikaanse gemeenskap en dus tot voordeel van die studente wat nog moet kom studeer. Die proses is ingebed in 'n voortdurende ontwikkelende vennootskap met die gemeenskappe en belangegroeppe.

Hierdie gesprek is waarskynlik een van die grootste uitdagings om ook binne die internasionale, en dus ook Afrikakonteks, werk van relevansie en gehalte te doen. Daarvoor is indringende beplanning noodsaaklik.

Wie sou na so 'n gesprekstafel genooi word? Die kort antwoord is: Dit moet so ver moontlik inklusief van aard wees. Verteenwoordigers, soos die diverse potensiële gemeenskap, bedryfsinstansies, staats- en provinsiale departemente, nie-regeringsorganisasies, ensovoorts as relevante vennote. **Wat** sou na so 'n Suid-Afrikaanse gesprekstafel gebring kon word vir beplanning en bespreking? Hier volg enkele agendapunte:

- **Hoop.** 'n Visie wat sê daar is 'n toekoms in 'n baie komplekse Suid-Afrikaanse samelewing. Maar dat die hoop geloofsinhoud van kwaliteit het om sodoende die reuse uitdagings van armoede, gebrekkige vaardighede, eie waarde en geborgenheid te help fasiliteer. "Daar is 'n plan. Kom ons werk aan die plan om onself meer relevant te maak".
- **Kundigheid.** Die Skool het hoogs opgeleide personeel met baie jare se ervaring. Kundigheid wat oor dekades opgebou is. Dit is wat gebied kan word. Wat is die behoefte? Hoe word kundigheid gemaksimaliseer ten einde die ideaal van relevansie en kwaliteit te help verwesenlik?
- **Leierskap.** Stel die voorbeeld en lê die waagmoed aan die dag om die komplekse en onbekende, die onaangename en die onsekerheid konstruktief aan te spreek. Om bereid te wees om ook gelei te word.
- **Kwaliteit.** Om die relevansie te koppel aan kwaliteit waar uitsette gemeet kan word en doelwitte verreken word.
- **Openheid.** Geen ontkenning nie dat almal bagasie van die verlede saam dra. Bagasie wat waarskynlik nog nie behoorlik verwerk en aangespreek is nie soos meerderwaardigheid, diskriminasie, agterdog, stereotipering, onkunde en eiebelang ten koste van andere. Daar is ook persepsies wat aangespreek moet word soos brutaliteit, agterlikheid, derderangsheid ens. Openheid is hier die beginpunt om erkenning te gee aan die verlede.
- **Geborgenheid.** Dit is almal se land. Daar is plek vir elkeen om sy ding te doen. Daar is baie pyn wat daarmee saamgaan, maar dit is nou die geleentheid om te begin werk



daaraan. Almal het mekaar nodig om by te dra tot die oplossing van probleme. Gemeenskaplike waardes kan dien as basis vir dié soort geborgenheid.

- **Blootstelling.** Angstigtheid en onsekerheid mag dalk deel wees van hierdie proses. Deur ervaring en belewenisse word positiewe bydraes gemaak. Blootstelling bring ook emosionele groei wat uiters belangrik is vir vertroue en gehalte dienslewering.
- **Relevansie.** Hoe kan die mees kompeterende en beste gehalte opleiding gebied word tot voordeel van die studente, samelewing en die Skool vir Kommunikasiestudies? Wat is nodig by wyse van ervaring, kundigheid en toerusting? Wat van die etiese? Wat is moreel gesproke die waardes wat nagestreef moet word?
- **Eerlikheid.** Wat wil bereik word? Gaan dit om nog 'n magspel ten einde verborge eiebelang te bevorder? Hoe eerlik is die motiewe? Hoe gelyk is die speelveld?
- **Realisme.** Alle probleme kan nie oornag verdwyn of opgelos word nie. Behalwe die geweldige kompleksiteit wat ter sprake is, is daar praktiese oorwegings van finansies, reëls en regulasies. Daar is kultuur en eiebelang op die spel. Maar, daar is ook 'n proses wat doelwitgedrewe is. Nuwe mikpunte word gestel.
- **Simbole.** Daar moet gekyk word na relevante identiteite en gebruike. Vennootskappe en herposisionering gee ook inhoud aan nuwe simbole, nuwe rolmodelle en dus groter geloofwaardigheid. Hoe lyk ons studentesamstelling, personeelkorps en programuitkomste? Wat is die simboliese boodskap wat hierdeur uitgedra word?
- **Sensitiwiteit.** Die kompleksiteit wat aangespreek word het primêr te make met mense en die onderlinge verhoudinge tussen mense. Begrip en insig in die enorme trauma wat beleef is en beleef word in 'n baie chaotiese en onseker wêreld, is uiters belangrik vir die totale gesprek. Verskillende ervaringswêreldes en geskiedenis met uiteenlopende verwagtinge plaas baie groot druk op die proses om die sake met groot begrip en sensitiwiteit te hanteer.
- **Daar mag verskil word.** 'n Besef moet gekweek word dat om te verskil beteken nie noodwendig dat daar rassisme gepleeg word nie. Dit beteken ook nie dat al die antwoorde deur iemand spesifiek verskaf kan word nie. Om te verskil beteken ook dat steeds gepoog moet word om by 'n ooreenkoms uit te kom in belang van die waardes en doelwitte wat nagejaag word, anders word die geleentheid verbeur om kwaliteit en waarde tot die proses toe te voeg.

## BIBLIOGRAFIE

- 1 ANTONOVSKY, A. 1993. Complexity, Conflict, Chaos, Coherence, Coercion and Civility, *Social Science and Medicine*, 37(8):969-981.
- 2 BAKER, P.L. 1993. Chaos, Order and Sociological Theory, *Sociological Inquiry*, 63(2):123-149.
- 3 Council on Higher Education Size and Shape Task Team. 2000. Towards a New Higher Education Landscape: Meeting the Equity, Quality, and Social Development Imperatives of South Africa in the 21<sup>st</sup> Century. Pretoria. 70p.
- 4 COULTER, M.K. 1998. Strategic Management in Action. Upper Saddle River: Prentice Hall. 383p.
- 5 DAVID, F.R. 1999. Strategic management. Concepts and Cases. Upper Saddle River: Prentice Hall. 7de Uitgawe. 525p.
- 6 *Finansies en Tegniek*, Tersiêre Onderwys, Julie 2000, pp. 34-54.
- 7 FLAVEL, R. & WILLIAMS, J. 1996. Strategic Management. A practical approach. Sydney: Prentice Hall. 301p.
- 8 GIACALONE, J.W.B. 1994. Impression Management, Diversity, and International Management. *American Behavioral Scientist*, 37(5):621-636.
- 9 KARSTEN, C. 2000. So lyk die toekoms..... en dis vreemder as Fiksie, *RAPPORT Perspektief*. 6 Aug. p. 6.
- 10 Komitee van Universiteitshoofde. 1987. Makro-aspekte van die Universiteitswese binne tersiêre onderwysverband in die RSA. Pretoria. 135p.
- 11 KOLZOW, D.R. 1990. Communication and leadership: The critical foundation an effective economic development program. *Economic Development Review*, 8(3):19-23.
- 12 LEWIS, L.K. 1999. Disseminating Information and soliciting input during planned organizational change. *Management Communication Quarterly*, 13(1):43-75.
- 13 LITTLEJOHN, S.W. 1996. Theories of Human Communication. Boston: Wadsworth Publishing Company, 5de Uitgawe. 399p.
- 14 MBEKI, T., BUTHELEZI, M., CLEARY, S.M., KORNEGAY, F.A., LANDSBERG, C. & MOKOGORO, Y. 1998. "The African Renaissance". Occasional Papers Series. Maart.
- 15 National Commission on Higher Education. 1996a. A Framework for Transformation. Pretoria. 415p.
- 16 National Commission on Higher Education. 1996b. Governance and decision making for the 21<sup>st</sup> century. Pretoria. 29p.
- 17 OVERMAN, E.S. 1996. The new science of management: Chaos and Quantum Theory and Method, *Journal of Public Administration Research and Theory*, 6(1):75-89.
- 18 PACE, R.W. & FAULES, D.F. 1994. Organizational Communication. Englewood Cliffs, Prentice Hall. 386p.
- 19 QATTEK, K. 2000. The economic Impact of AIDS in South Africa: a Dark Cloud on the Horizon, *Occasional Papers Series*, pp. 29-56.

- 20 RENSBURG, R. & STRÖH, U. 1998. Communicating on the edge of chaos: a transformation and change management perspective. *Communicatio*, 24(2):52-64.
- 21 ROSSOUW, H.W. 1991. Die idee van die Universteit. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Wysbegeerte*, 10(3):68-79.
- 22 SHELL, R.C.H. 2000. Halfway to the Holocaust: The economic, Demographic and Social Implications of the AIDS pandemic to the Year 2010 in the Southern African Region. *Occasional Paper Series*, June, pp. 7-27.
- 23 SHELL, R.C.H. 2000. Halfway to the Holocaust. The HIV/AIDS pandemic in South Africa. Population Research Unit. Grahamstown: Rhodes University.
- 24 South African Institute of Race Relations. 1999. South African Survey 1999/2000. Millennium Edition. Johannesburg: South African Institute of Race Relations. p. 601.
- 25 South African Police Services. 2000. Monthly Bulletin on Reported Crime in South Africa. 5/2000 January to May 2000. [Beskikbaar op die Internet] [http://www.saps.co.za/8\\_crimeinfo/bulletin200/5.htm](http://www.saps.co.za/8_crimeinfo/bulletin200/5.htm).30 Aug.2000.
- 26 STAHL-ROLF, S.R. 2000. Transition on the spot: Historicity, Social Structure, and Institutional Change. *Agriculture Economic Journal*, 28(1):25-36.
- 27 STEYN, B. & PUTH, G. 2000. Corporate Communication Strategy. Sandown: Heinemann. 241p.
- 28 The South African Association for Institutional Research (SAAIR). 1997. Institutional Research: In Support of Transformation in Higher Education. Pretoria. 146p.
- 29 VAN TONDER, J. 2000. Vigs: SA se grootste vyand, *Sake Rapport*, Sondag 16 Julie, 18p.
- 30 WARREN, K., FRANKLIN., C. & STREETER, C. 1998. New Directions in Systems Theory: Chaos and Complexity. *Social Work*, 43(4):357-372.
- 31 ZORN, T.E., PAGE., D.J. & CHENEY, G. 2000. Nuts about change. Multiple Perspectives on Change-Oriented Communication in a Public Sector Organization. *Management Communication Quarterly*, 13(4):515-566.